EERSTE GELUI

van DIE KERKKLOK

13 Januarie 2019

Onthou daar is Sondag weer slegs een diens in die kerkgebou (**om 09:30**). Die saaldienste begin begin ook weer (om 08:30). Die diens in die sentrum in Bettysbaai is soos gewoonlik om 09:00.

Kerksaal, Eerstelaan 38 om 08:30

Dr. Chris Malan is die liturg en hy lees uit 2 Korintiërs 12: 8-10. .

Tema:
Laat Christus se krag jou BESKUTTING wees vir 2019.

Kerk, Vierdelaan 67 om 09:30:

Ds. Steven Sass is aan die woord en hy lees uit . Matteus 1: 18-25

Tema:
Met Immanuel die jaar in.

Gemeentesentrum, Disaweg Bettysbaai om 09:00:

Ds. Daan Botha is die prediker en hy lees uit Haggai 1: 1- 2: 5.

Tema:
God se opdrag vir sy kerk is om sy stempel op die werklikheid van elke dag af te druk.

DEURKOLLEKTE: Plaaslike Onderwys
Volgende week vir Herberg Kinderhuis.

Kategese heropen direk na Erediens (saal en sentrum)

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS...

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.

Veral bid ons vir Hendriena Davie van Ba2 wie se susterskind oorlede is.

Op Saterdag 30 Maart

hou ons gemeente heerlik basaar!

Die Kleinmond-deel van die gemeente reël dit en almal

– van Rooiels tot Arabella – gaan feestelik kuier.

Teken solank die datum aan.

Gelukkige VERJAARDAG!

Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Mag die jaar wat voorlê 'n jaar van vrede en vreugde in die Kleinmond-gesin van ons Hemelse Vader wees.

13 Januarie
Derick Chambers (Sa2)
Susan Cloete (PB3)
Marina Groenewald (Sa3)

14 Januarie
Anna de Villiers (Ba3)
Clayton Francis (PB1)
Marie Groenewald (KB3)
Philip Hanekom (PM1)
Danie Hugo (KP1)
Anzel Nel (Sa2)
Edward Richards (BB3)

15 Januarie
Delwin Jacobs (BB2)
Francois Malan (Sb1)
Alex Zwiegelaar (PM5)

16 Januarie
Annatjie Dwyer (Sa4)
Marlene Eksteen (Sc3)

17 Januarie
Elizabeth van den Bergh (PB1)
Deon Zwiegelaar (Sb4)

18 Januarie
Riaan Buckle (KB2)
Lili-Ann Lineker (KB5)

19 Januarie
Angus Bolton (HK3)
Elsa Crous (PM2)
Blaise Martin (Ba1)
Hannes Oosthuizen (KP)
Melize Tait (Sa3)
Ina van der Merwe (BB1)
Pieter van Reenen (PM5)

Toer gastronomies

Kom geniet “VERSKILLENDE KOSSOORTE VAN EUROPA” op Vrydag 8 Februaie 2019. Die funksie word deur wyk Ba1 in die Kerksaal in Eerstelaan aangebied om 18:00.
Die fondse is ten bate van die kerkbasaar van 30 Maart.

Bring eie eetgerei en vloeibare verversings. Wegneem-etes is ook beskikbaar.

Kaartjies is R60.00 per persoon en is by die kerkkantoor, Albertyn Apteek en die wyk se dienswerkers beskikbaar. Die kaartjie-verkope sluit Dinsdag 5 Februarie.

HEUNINGKLOOF WOEKER

Elke dag gedurende die afgelope vakansie was daar ’n klomp flukse Heuningklowers by die strandmeer besig om boereworsrolle te maak. Hulle wil almal wat meegewerk, bydraes gelewer en ondersteuning gebied het, hartlik bedank. Almal se bydrae het gehelp om ’n sukses van die woekerpoging te maak. ’n Spesiale woord van waardering aan Kleinmond se besighede vir hul welwillendheid teenoor die saak wat ons dien.

<u>Kerkkantoor-ure in 2019</u>

Hierdie jaar verander die kerkkantoor-ure. Die kantoor maak van Maandag tot Donderdag eers 10:00 oop. Die res van die tye bly dieselfde.

Bybelskool

Die Bybelskool begin weer Sondagaand 20 Januarie om 18:00 in die kerksaal. Almal is baie welkom om dit by te woon. Daar word gekyk na die Evangelies met die fokus op die agtergrond en lewensomstandighede van daardie tyd.

GEBEDFOKUS

Ons bid hierdie week vir ons gemeente.
Bid vir al die kommissies en bedieninge wat vergader.

Dis begrotingstyd: vra dat die Here almal in staat sal stel om werklik seker te maak dat uitgawes dien om die Here se koninkryk te laat kom.

Bid dat elke lidmaat hierdie jaar sal streef om Draers van lig, Verskilmakers met deernis en Ambassadeurs van hoop te wees.

Baie dankie

Malan en Malan het goedgunstiglik die hartjies in die kerkgebou op die wêreldkaart aangebring. Dit lyk mooi en herinner ons aan almal wat ver is.

Breiprojek se baas sê dankie

Essie Groenewald, die koördineerder van ons gemeente se breiprojek, sê baie dankie aan almal wat bydraes gegee in die vorm van wol of gebreide artikels. Sy bedank almal persoonlik, maar dikwels gee lidmate hul bydraes naamloos af. Essie wil almal verseker dat alle skenkings met dankbaarheid gebruik is.

DIE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag	18:30 Getuienisaksie vergader
Woensdag	17:30 Erediensaksie vergader 18:30 Gesinsbediening vergader
Donderdag	16:30 Arbeidbediening vergader

Leraars:
Ds. Steven Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com
Dr. Chris Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com
Kerkkantoor: 0282713470 nelineburger@gmail.com
Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za
Facebook: NGK Kleinmond.